## Die blink vosperd

O, ek het 'n perd, 'n blink vosperd met 'n splinternuwe saal;
en ek klim op my perd, my blink vosperd, en ek kom om jou te haal.
Want jy't gesê as ek jou wil hê dan moet ek jou kom haal
op 'n mooi ryperd, 'n blink vosperd, met 'n splinternuwe saal;
op 'n mooi ryperd, 'n blink vosperd, met 'n splinternuwe saal.

WOORDE: M. VAN NIEKERK (FAK)

## Die kat kom weer

Ou Jan Wilson had 'n kat wat die ou nie wou verlaat;
Hy't alles geprobeer om die kat daar weg te keer;
selfs na die predikant om raad van hom te kry.
Die predikant die het gesê: "Die kat moet daar bly."

[REFREIN]
Maar die kat kom weer, want hy wil nie langer wag,
die kat kom weer, net die volgende dag,
die kat kom weer – o glo vir my dis waar – die anderdagmôre was die kat weer daar.

WOORDE: F.J. WEIDEMAN (FAK)

Baba & kleuter yp